*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 15 Februarie 2026**
**Nagmaal**

**Aan tafel met Jesus, hoor ons God se Woord vir iedereen: "Vergewe" en "Vrede"!**

*"Toe het Jesus omgedraai na die vrou en vir Simon gesê: 'Daarom sê Ek vir jou, haar sondes – en dit was baie – is vergewe, omdat sy baie liefde betoon het. Maar die een vir wie min vergewe word, het min liefde.'*
*Vir haar het Hy gesê: 'Jou sondes is vergewe. Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.'"*
(Lukas 7:44, 47-48 en 50)

In ons gemeente Berg-en-Dal se 70ste bestaansjaar lees ons weer die Evangelie volgens Lukas, oor die lewe, woorde en werke van Jesus van Nasaret – 'n rabbi het sommige gesê is Hy (so met sy dissipels); 'n profeet het ander gesê, ... maar, dit was veral Jesus se gebruik van die woord "vergifnis", wat in verskillende kringe die oë laat rek het: Nét Gód kan immers sonde vergewe! Die Griekse woord ***"áfesis"*** beteken letterlik "om weg te stuur", "om te laat gaan" of selfs "om te laat wees". In die Griekse wêreld destyds het dit veral 'n juridiese betekenis gehad, naamlik "om iemand te verlig van of vry te stel uit 'n regsverpligting"; 'n verhouding van "skuld". In die Griekse vertaling van die Ou Testament (die *Septuagint* of LXX = "Die Vertaling van Sewentig") word ***"áfiemi"*** gebruik vir die "versoening van sondeskuld", deur God (alleen). En, het ons nou ook al gehoor:

> *"Forgiveness is not about forgetting. It is about letting go of another person's throat."*
> (uit die boek "The Schack", van WP Young)

Vanoggend, vervolgens, 'n tafeltoneel uit Lukas se reisverhaal. Dit is opmerklik hoeveel keer Lukas in sy evangelie én die boek Handelinge, tafeltonele skets! Reeds in Lukas 5 tref ons Jesus in die huis van Levi aan tafel aan – 'n ete wat die oë laat rek, want *"Waarom eet Hy saam met tollenaars en sondaars?"* (5:30). Is Hy dan 'n vraat en suiplap (?!), so loop die godsdienstige skinderstorie (7:34). Of, in die woorde van prof Cas Wepener in sy boekie "Aan tafel met Jesus": "In Lukas 5 eet Jesus 'n 'pub lunch', maar vandag – Lukas 7 – eet Hy in die 'pastorie'"! Dit is die huis van Simon, een van die Fariseërs, en dit gaan oor reinheid en onreinheid, wie mag en wie nie, wie's binne en wie buite. Dit is in hierdie geselskap dat 'n vrou haar waag – waarskynlik 'n prostituut – en Jesus die groot woord laat val: "Vergewe". Drie keer (7:47-48). Saam met die woorde "liefde", "geloof" en "vrede", want dit hang ten nouste daarmee saam. Veral, as die Enigste Een wat daardie woord – "vergewe" – regtig in sy volheid kan sê, dit só uitdruklik doen en daarmee die grens tussen "rein" en "onrein" verskuif na waaroor dit regtig gaan: Wie God se genade regtig nodig het en alle hoop op Hóm plaas. Dáár hoor jy God se hart; dán ontdek jy wat vrede is...

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike Nagmaalsdiens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout.
Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Indien jy vrymoedigheid het om in jou tuisgemeente Nagmaal te gebruik, is jy welkom om hier ook daarin te deel.

## LITURGIE

**Wydingslied:** "Waar daar liefde is, en deernis" (Lied 526)

**Verwelkoming van nuwe lidmate & Aansteek van die Wydingskers...**

**Wydingslied:** "Ubi caritas, Deus ibi est" (Lied 526)

**Votum:** **Liturg -** "Ons Heer,
U was vir ons 'n woning van geslag tot geslag;
voordat die berge gebore is,
ja, van altyd af en vir ewig is U God."

**Gemeente -** "Die dae van óns lewensjare is maar sewentig,
of as die kragte daar is, tagtig;
en die beste daarvan vol moeite en sorge,
en dit vlieg verby."

**Liturg -** "Leer ons dan, Here,
om ons lewensdae na waarde te skat;
sodat ons 'n hart vol wysheid sal verwerf."

**Gemeente -** "Versadig ons in die oggend met u troue liefde,
sodat ons al die dae van ons lewe,
kan juig en bly wees.
Amen." (uit: Psalm 90)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Ek wil U lof getrou verkondig, Heer" (Psalm 145)
(Beurtsang: 1a, 4v, 7m en 9a)

**Herinnering aan Twee Woorde vir 'n gelukkige lewe...**

**Verootmoediging:** "Heer, wees genadig" (Lied 243 – twee keer)

**Kinderverhaal...**

**Gebed en Gebedslied:** "Waar daar liefde is, en deernis" (Lied 526)

**Skriflesing:** Lukas 7:36-50

**Verkondiging**

**Nagmaalslied:** "Eet die brood, drink die wyn" (Lied 303)

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Herinnering aan die Nagmaalswoorde, en uitdeel van die tekens...**
(Die brood en wyn word uitgedeel, ons wag tot almal het en gebruik dit dan saam)

**Tafelgebed en Nagmaalslied:** "Eet die brood, drink die wyn" (Lied 303)

**Nagmaalsviering**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het" (Lied 245:1, 2, 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 15 Feb | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Magdaleen du Toit: *"God se taal: Skoonheid, liefde, blydskap"* (Preek van die Leek). |
| Woensdag, 18 Feb | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Aswoensdag: Wydingsdiens). |
| Donderdag, 19 Feb | 11:00 – Ds. Jan Lubbe (Siësta-biduur). |
| Sondag, 22 Feb | 09:30 – Prof. Jan-Albert v/d Berg; gesinsdiens in saal – ds Jan Lubbe |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Taizé). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 15 Feb. | Hantie Scott, Stephen du Plessis, Joe Marais en AJ Spies. |
| 16 Feb. | Pieter Jacobs, Flolinda Marais en Coen van Wyk. |
| 17 Feb. | Francois de Wet en Hildemarie Human. |
| 18 Feb. | Zenobia Botha en Annette Loots. |
| 19 Feb. | Thea Botha, Karla Burger, André Grobler, Gerhard Maritz, Francois Strydom en Willem van Staden. |
| 21 Feb. | Hannah Collins, Johan Diedericks, Lieb Loots en LM van der Merwe. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (Ladysmithsgl 1, wyk 4a); Tannie Lue Kruger (Vlakfontein, wyk 13); Tannie Trudie Roode (Gratias 49, wyk 15c); Tannie Letitia Pretorius (Dealeweg 1, wyk 19a) en Tony O'Reilley (Bayswater). Ons dink ook aan elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons meelewing aan Tannie Mags Fullaway (Gooddalestr. 1, wyk 20a), wie se broer tragies oorlede is, en aan Oom Tony, wie se broer ernstig siek is. Ons bid jul die Here se troos toe.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroepe (19:00) – Geen (Aswoensdag).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:10) in die Konsistorie o.l.v. ds Jan Lubbe.

Kom eet en kuier saam by ons Bring-en-Braai vandag om 12:00!

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Februarie**
**Wyke 7** (blok tussen kerkgebou, Prellerplein en Emily Hobhouseplein) en **8** (blok noord van Emily Hobhouse) is aan diens; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Komitee vir Geldsake:** Maandag, 16 Februarie 17:30 (Jeugkamer)
**Bestuursraad:** Maandag, 23 Februarie 18:00 (Jeugkamer)

Di. Johan Marais en Janke Hurter is hierdie week met verlof.

## BEDIENINGE

**EREDIENSBEDIENING**
**Aswoensdag:** Die sewe weke/ses Sondae van Lydenstyd 2026 ("Lent": 'n tyd van na binnekeer) begin Woensdag 18 Februarie – ons nooi jou na ons Wydingsdiens om 18:00.

**GEMEENTEBEDIENING**
**Wêreldbiddag vir Vroue, Mans en Gesinne: Vrydagaand, 6 Maart om 18:00**
Vanjaar se tema – *"Kom, Ek sal jou rus gee"* – is deur vroue in Nigerië saamgestel; ons nooi jul solank hartlik daarheen uit.

**Herfstee vir Seniors: Woensdag, 11 Maart om 09:30**
Alle lidmate 65+ word hartlik uitgenooi na 'n gesellige oggendkuier – bespreek jou plek asb. vóór 1 Maart 2026 by die kerkkantoor of WhatsApp jou naam na 073 180 3193.

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentemark:**
Volgende Gemeentemark is op Vrydag, 27 Februarie – skenkings van bruikbare klerasie en kombuisware, asook vrywilligers om te help is hartlik welkom (kontak 078 991 8013.

**Opleiding vir almal wat 'n sieke moet bystaan/versorg:**
Hospice Bloemfontein bied van 9 tot 13 Maart (16:30-18:30) 'n opleidingskursus aan vir almal wat as vrywilligers of familie, 'n sieke moet bystaan of wil besoek; in die Raadskamer in Siësta Sorgsentrum. Bespreek by: reception@hospicebfn.co.za of 051-436 8183.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 15 Februarie: **Vennootskappe VGKSA Vrystaat.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

## NUUS VAN ELDERS

**Gerieflike, gemeubileerde tuinwoonstel te huur, 1 Maart:** Kontak 076 912 9490.